Graad 7 Kwartaal 1
Afrikaans
Opsomming

Soortname

Alles wat ons kan sien, ruik, hoor, proe en aan kan vat is soortname.

- Potloode
- Musiek
- Wind
- Kat
- Gras
- Kombers

Eiename

Dit is die name van mense, dinge, diere of plekke.
Hulle word altyd met ‘n hoofletter geskryf en word gebruik om iemand of iets te identifiseer.

- Gauteng
- Kaapstad
- Sandra Vermeulen
- Woolworths
- Jagter
- Mrs. Van Schalkwyk

Abstrakte Selfstandige Naamwoorde

Dit verwys na dinge wat ons nie kan sien en aanraak nie.

- Empatie
- Liefde
- Afguns
- Vriendskap
- Haat
- Jaloesie

© Tuisonderwys Hulpbronne Single User License

Samestellings

Samestellings is woorde wat uit twee of meer woorddele bestaan.
Hierdie woorde moet vas geskryf word.

- son + skyn = sonskyn
- blom + pot = blompot
- bad + kamer = badkamer
- hand + sak = handsak
- pop + huis = pophuis
- hand + doek = handdoek

Infinitiewe Werkwoorde

Dit is gewoonlik waar die werkwoord na 'te' of 'om te' gebruik word.

- Hierdie lekkers is te koop.
- Om te speel is lekker.
- Om (vêr) te stap, is baie goeie oefening.

In die toekomende tyd, word die infiniteif ook sonder '(om) te' gebruik.

- Ek sal hardloop.
- Ek sal wees.

Voornaamwoorde

'n Voornaamwoord word in die plek van 'n selfstandige naamwoord gebruik. Dus vermy jy die herhalende gebruik van die selfstandige naamwoord.

Onbepaalde Voornaamwoorde: almal, iemand, iets, niks.
Persoonlike Voornaamwoorde: ek, my, jy, jou, hy, hom, sy, haar, ons, julle, hulle.
Besitlike Voornaamwoorde: my, myne, jou, joune, sy, syne, haar, hare, ons, ons s'n.

- Daan het saam met Magda geloop.
  Hy het saam met haar geloop.

- Mamma is moeg, want mamma het hard gewerk.
  Mamma is moeg, want sy het hard gewerk.

- Sandra, Victor en Susan het goeie punte gekry, want Sandra, Victor en Susan het hard geleer.
  Sandra, Victor en Susan het goeie punte gekry, want hulle het hard geleer.

© Tuisonderwys Hulpbronne Single User License

Ontkenning

Dit is die manier waarop ons sê dat iets nie waar is nie of dat dit nie so is nie.
Ons gebruik altyd die dubbel 'nie'.
Die eerste 'nie' volg na die voornaamwoord en die tweede 'nie' kom aan die einde van die sin.

- Werner hardloop vinnig.
  Werner hardloop nie vinning nie.
- Juan het die appels gesteel.
  Juan het nie die appels gesteel nie.

NEEM KENNIS
Woorde wat in die ontkennende vorm verander.

- iets – niks
- al / reeds – nog nie
- altyd – nooit
- al ooit – nog nooit
- iemand – niemand
- heeltemal – glad nie
- steeds – nie meer
- êrens – nêrens
- alles – niks
- enige – geen

Meervoude

Die meervoud is die vorm van 'n selfstandige naamwoord wat dui dat daar meer as een is.

KORT VOKALE - Ons skryf die konsonant dubbeld om seker te maak dat die vokaal kort bly.

- kat – katte
- pan – panne
- rak – rakke
- wet – wette
- bos – bosse

LANG VOKALE - Lang vokale word dubbeld geskryf in 'n geslote lettergreep en enkel geskryf in 'n oop lettergreep.

- werk – werke
- haar – hare
- graad – grade
- boom – bome
- stoof – stowe (let op dat woorde wat op 'n lang vokaal en 'n f eindig, kry 'n w in die meervoud)

© Tuisonderwys Hulpbronne Single User License

MEERVOUDE MET ‘N -S - By woorde wat eindig op ’n l, m, n, en r

- palm - palms
- huisie – huisies
- jagter - jagters
- wapen - wapens
- laken - lakens

MEERVOUDE MET ‘N -E - By woorde met lang vokale of diftonge voor die slotkonsonant.

- huis – huise
- tou – toue
- laai – laaie
- koei – koeie
- vurk – vurke

MEERVOUDE BY WOORDE WAT EINDIG OP -NG

- ring – ringe
- slang – slange
- koning – konings
- piering – pierings
- kussing – kussings
- tong – tonge

MEERVOUDE MET -TE

- bees – beeste
- fees – feeste
- gesig – gesigte
- produk – produkte
- kas – kaste

MEERVOUDE WAAR DIE AFKAPPINGSTEKEN GEBRUIK WORD - Alle woorde wat eindig op ’n i, o, u en ’n beklemtoonde (lang) a, kry ’n afkappingsteken in die meervoud.

- foto – foto’s
- video – video’s
- skoonpa – skoonpa’s
- skadu – skadu’s
- bikini – bikini’s

MEERVOUDE WAAR DIE DEELTEKEN GEBRUIK WORD - By woorde wat eindig op ’n ie, ee of oe en wat ’n -e in die meervoud bykry. By woorde wat eindig op ’n g en waar die g wegval in die meervoud.

- fee – feë
- oog – oë
- reënboog – reënboë
- vlieg – vlieë
- oorlog – oorloë

MEERVOUDE WAAR DIE KAPPIE GEBRUIK WORD - Die g val weg en die vokaal voor die g kry ’n kappie.

- brug - brûe
- sog - sôe
- wig - wîe

© Tuisonderwys Hulpbronne Single User License

- rug – rûe

MEERVOUDE MET -ENS

- vrou - vrouens
- nooi - nooiens
- lewe - lewens
- bad - baddens
- bed - beddens
- wa - waens
- hawe - hawens
- gevoel - gevoelens

Byvoeglike Naamwoorde

'n Byvoeglike naamwoord beskryf die selfstandige naamwoord of voornaamwoord.
Die byvoeglike naamwoord kan voor of na die selfstandige naamwoord staan.

- Dit is 'n (lank) rit. – Dit is 'n lang rit.
- Dit is 'n (laag) muur. – Dit is 'n lae muur.
- Dit is 'n (hoog) brug. – Dit is 'n hoë brug.
- Dit is 'n (droog) dam. – Dit is 'n droë dam.
- Dit is 'n (goed) boek. – Dit is 'n goeie boek.

Trappe van Vergelyking

Daar is drie trappe van vergelyking.
Die stellende trap.
Die vergrotende trap.
Die oortreffende trap.

STELLENDE TRAP	VERGROTENDE TRAP	OORTREFFENDE TRAP
goed	beter	beste
koud	kouer	koudste
vars	varser	varste
nuut	nuwer	nuutste
oud	ouer	oudste
droog	droër	droogste
lank	langer	langste

© Tuisonderwys Hulpbronne Single User License

Voorvoegsels en Agtervoegsels

Hulle verander die woordsoort en verander die betekenis van die woord.

VOORVOEGSELS	
on- (nie / sleg)	ongeduldig
ver- (anders)	verkleur
mis- (sleg)	misvorm
wan- (verkeerd)	wanbalans
ge- (verlede tyd)	gedans
oer- (oud)	oermens
ont- (weg / sonder)	ontstaan
be- (voorsien van)	befriend

AGTERVOEGSELS	
-vol (vol van)	kleurvol
-loos (sonder)	magteloos
-agtig (soortgelyk)	kinderagtig
-tjie / jie / pie / kie / ie (verkleining)	katjie

Enkelvoudige Sinne

'n Enkelvoudige sin is 'n sin wat uit 'n hoofsin bestaan sonder bysinne.
Die enkelvoudige sin bevat een gesegde en een onderwerp en voorwerp.

- Die kind sien die hond.
  Onderwerp: Die kind
  Gesegde: sien
  Voorwerp: die hond

- Die kat speel op die mat.
  Onderwerp: Die kat
  Gesegde: speel
  Voorwerp: die mat

Stelsinne

Die soort sin gee inligting.
Dit is 'n normale sin wat 'n stelling is.
Stelsinne kry altyd 'n punt aan die einde van die sin.

- Dit is 'n pragtige huis.
- Die weer is lekker buite.
- Die tafel is rond.
- Die rok is lank.

© Tuisonderwys Hulpbronne Single User License

Teenwoordige Tyd en Verlede Tyd

In Afrikaans word die verlede tyd gewoonlik gevorm deur die hulpwerkwoord het, gevolg deur ge- +werkwoord.

TEENWOORDIGE TYD	VERLEDE TYD
Ek doen my huiswerk.	Ek het my huiswerk gedoen.
Daan is baie opgewonde.	Daan was baie opgewonde.
Lana praat met haar maats.	Lana het met haar maats gepraat.
Susan koop ‘n nuwe rok.	Susan het ‘n nuwe rok gekoop.
Chris moet tandarts toe gaan.	Chris moes tandarts toe gaan.
Mike kan baie hoog spring.	Mike kon baie hoog spring.

Skryftekens

DIE PUNT - Dit word gebruik aan die einde van 'n stelsin en by afkortings.

DIE KOMMA – Dit skep ‘n kort pouse en kan gebruik word om twee woorde of groepe woorde te skei om betekenis duidelik te maak.

DIE DUBBELPUNT - Dit word gebruik voor iemand se direkte woorde of wanneer 'n verduideliking van 'n vorige gedagte gegee word.

DIE KOMMAPUNT - Dit dui 'n ruspunt in 'n sin aan wat langer as 'n komma en korter as 'n punt is en dit word voor sekere voegwoorde of in die plek van sekere voegwoorde gebruik.

DIE UITROEPTEKEN - Dit word gebruik by bevelsinne en ook waar sterk gevoel oorgedra word.

DIE VRAAGTEKEN -- Dit word gebruik aan die einde van 'n sin wat 'n vraag vra en dit vervang die punt.

Geleende Woorde

Geleende woorde is vreemde woorde wat ons slegs binne konteks en sintaksis kan poog om te identifiseer aangesien die word algeheel vreemd sal voorkom.

- Ubuntu
- konfoes
- Escargot
- Samoesas
- Gogo
- Biltong

© Tuisonderwys Hulpbronne Single User License

Idiomatiese Uitdrukkings

Idiome (ook gesegdes of segswyses genoem) en uitdrukkings is kragtige vorme van beeldspraak wat kleur verleen aan die alledaagse taalgebruik van die moedertaalsprekers van ’n taal, dikwels sonder dat hulle eens daarvan bewus is.

- Jou woorde soek.
  Weet nie wat om te sê nie.

- Die poppe sal dans.
  Daar sal moeilikheid wees.

- Die appel val nie vêr van die boom af nie.
  Baie soos die ma of pa.

- ‘n Appe;tjie met jou skil.
  ‘n Moeilike saam met iemand bespreek.

- ‘n Nuwe blaadjie omslaan.
  ‘n Nuwe begin maak.

- Daar is ‘n slang in die gras.
  Daar is moeilikheid. Iets is verkeerd.

- Duim vas hou.
  Hoop dat iemand suksesvol sal wees.

- Hy het lang vingers.
  Hy steel.

- Jou sokkies optrek.
  Jy moet harder werk.

Assonansie en Alleiterasie

Alliterasie is die herhaling van konsonante in ‘n sin.

- Klein klippies klits op die kluite.

Assonansie is die herhaling van vokaal klanke (a, e, i, o, u).

- Speel meer, streef meer, leef meer.

© Tuisonderwys Hulpbronne Single User License

Vergelykings

- So rooi soos bloed.
- So groen soos gras.
- So donker soos die nag.
- So wit soos sneeu.
- So soet soos stroop.
- So dood soos ‘n mossie.
- So lelik soos die nag.
- So oud soos die berge.
- So regop soos ‘n kers.
- So maer soos ‘n riet.
- So lig soos ‘n veër.
- So koud soos ys.
- So glad soos seep.
- So mak soos ‘n lam.
- So blind soos ‘n mol.

Sinonieme

’n Sinoniem is ’n woord wat dieselfde—of byna-byna dieselfde—betekenis as ’n ander woord het.

aanwesig	teenwoordig
advertensie	reklame
bly	opgewonde
bang	bevrees
chemie	skeikunde
dwing	forseer
giftig	toksies
kwaad	woedend
moeg	uitgeput

Antonieme

’n Antoniem is ’n woord met die teenoorgestelde betekenis as ’n ander.

vlak	diep
nat	droog
ongelukkig	gelukkig
klein	groot
sag	hard
hoog	laag
fluks	lui
lank	kort
maklik	moeilik
bo	onder

© Tuisonderwys Hulpbronne Single User License

Homofone

’n Homofoon is ’n woord wat dieselfde klink as ’n ander woord, maar anders gespel word en ook ’n ander betekenis het.

- bond (vereniging), bont (veelkleurig; ook pelswerk)
- boordjie (die boonste deel van die nek van ’n hemp), boortjie (’n werktuigie waarmee jy al draaiende ’n gaatjie kan maak)
- boud (agterste, dik liggaamsdeel), bout (dit word met ’n moer vasgedraai)
- brei (doen dit met velle of ’n sportspan), bry (die klank “r” met die kleintongetjie uitspreek)
- faal (misluk), vaal (vervelend, vuilwit, bleekgeel, gryserig of bleekbruin)
- fier (vol regmatige trots), vier (feestelik deurbring; ook een minder as vyf)

Homonieme

’n Homoniem is ’n woord wat dieselfde klink en dieselfde gespel word as ’n ander woord—maar ’n heeltemal ander betekenis en oorsprong het.

- as (dit wat oorbly as iets verbrand het), as (van ’n motor), as (as dit so is.=.indien dit so is)
- brak (hond), brak (souterig)by (insek wat heuning maak), by (in die nabyheid)
- geld (betaalmiddel), geld (van toepassing wees op, byvoorbeeld “dit geld nie vir jou nie”)
- kan (in staat wees), kan (waarin die koffie is)
- kant (uiterste rand), kant (fyn weefsel)
- meer (in groter hoeveelheid), meer (groot binnelandse watermassa)
- noot (musiekgeluid), noot (papiergeld)

© Tuisonderwys Hulpbronne Single User License